STAATSKOERANT, 9 MAART 2001 No. 2212523.

No. R. 223 9 Maart 2001

WET OP BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING, 2000 REGULASIES BETREFFENDE DIE BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING

Die Minister vir Justisie en Staatkundige Ontwikkeling het ingevolge artikel 92 van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet No.2 van 2000), die regulasies in die Bylae uitgevaardig.

BYLAE

Woordomskrywing

1. In hierdie Regulasies het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Wet 'n betekenis geheg word, die betekenis aldus daaraan geheg en, tensy uit die samehang anders blyk, beteken “die Wet” die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet No.2 van 2000).

Formaat van versoek

2. 'n Versoek om toegang tot 'n rekord, soos bedoel in artikel18(1) van die Wet, moet in die formaat van Vorm A van die Aanhangsel gerig word.

Gelde vir rekords van privaatliggaam

5.(1) Die gelde vir reproduksie, vermeld in artikel52(3) van die Wet, is soos volg:		R
(a) Vir elke fotostaat van 'n A4-grootte bladsy of gedeelte daarvan		1,10
(b) Vir elke gedrukte afskrif van 'n A4-grootte bladsy of 'n gedeelte daarvan wat op rekenaar of in elektroniese of masjienleesbare formaat gehou word		0,75
(c) Vir 'n afskrif in 'n rekenaarleesbare formaat op		
	(i) fermskyf	7,50
	(ii) laserskyf	70,00
(d)	(i) Vir 'n transkripsie van visuele beelde, vir 'n A4-grootte bladsy of gedeelte daarvan	40,00
	(ii) Vir 'n afskrif van visuele beelde	60,00
(e)	(i) Vir 'n transkripsie van.'n oudiorekord, vir 'n A4-grootte bladsy of gedeelte daarvan	20,00
	(ii) Vir 'n afskrif van 'n oudiorekord	30,00

(2) Die versoekgelde betaalbaar deur elke versoeker, anders as 'n persoonlike versoeker, bedoel in artikel 54(1) van die Wet is R 50,00

(3) Die gelde betaalbaar vir toegang tot inligting deur 'n versoeker vermeld in artikel 54(7) van die Wet, tensy vrygestel ingevolge artikel 54(8) van die Wet, is soos volg:	R
(a) Vir elke fotostaat van 'n A4-grootte bladsy of gedeelte daarvan	1,10
(b) Vir elke gedrukte afskrif van ‘n A4-grootte bladsy of 'n gedeelte daarvan wat op rekenaar of in elektroniese of masjienleesbare formaat gehou word	0,75
(c) Vir 'n afskrif in 'n rekenaarleesbare formaat op -	
(i) fermskyf	7,50
(ii) laserskyf	70,00
(d) (i) Vir' n transkripsie van visuele beelde, vir ' n A4-grootte bladsy of gedeelte daarvan	40,00
(ii) Vir 'n afskrif van visuele beelde	60,00
(e) (i) Vir 'n transkripsie van 'n oudiorekord, vir 'n A4-grootte bladsy of gedeelte daarvan	20,00
(ii) Vir 'n afskrif van 'n oudiorekord	30,00

(f) Om te soek vir die rekord vir openbaarmaking, R 30,00 vir elke uur of gedeelte van 'n uur redelikerwys vereis vir so 'n soektog.

(4) Die werklike posgeld is betaalbaar wanneer 'n afskrif van 'n rekord aan 'n versoeker gepos moet word.
(5) Vir doeleindes van artikel 54(2) van die Wet is die volgende van toepassing:
(a) Ses ure as die ure wat oorskry moet word voordat 'n deposito betaalbaar is; en
(b) een derde van die toegangsgelde is as 'n deposito betaalbaar deur die versoeker.

Kennisgewing van interne appél

6. Kennisgewing van' n interne appél, soos bedoel in artikel 75(1) van die Wet, moet in die formaat van Vorm C van die Aanhangsel aangeteken word.

Appélgelde

7. Die appelgelde betaalbaar in verband met die aanteken van 'n interne appel deur 'n versoeker teen die weiering van sy of haar versoek tot toegang, soos bedoel in artikel 75 (3) (a) van die Wet, is R 50,00.

Belasting op Toegevoegde Waarde

8. Openbare en privaatliggame wat ingevolge die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991 (Wet No. 89 van 1991), as ondernemers geregistreer is, mag belasting op toegevoegde waarde by alle gelde wat ingevolge hierdie regulasies voorgeskryf is, byvoeg.

Inwerkingtreding

9. Hierdie regulasies tree op 9 Maart 2001 in werking.